TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: .....CRADOCK..... **Sinode:** ***NG Kerk in Oos-Kaapland***

Belangrik
1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan**: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit ***hierdie terug-voervorm*** en die meegaande boekie, ***Konsultasie oor Kerkhereniging***, in.

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]
¨ Kerkraad
* Wyke
* Kleingroepe
* Lidmate: byeenkoms
¨ Lidmate: individueel
¨ Ander: .....

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?
* Ja
¨ Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel?

Ja – 3 Wyke
Nee – 11 Wyke

Tradisies is nie onderhandelbaar
Samewerking slegs op sinodale vlak.
Assosiasie sonder stemreg
Belhar word oorbeklemtoon –
13 wyke wil glad nie Belhar hê nie
3 wyke het nie probleme daarmee nie
3 wyke wil glad nie herenig nie
5 wyke het voorbehoude
Samewerking, maar nie samesmelting nie.
Nuwe basis moet gevorm word wat almal gesamentlik insluit, ook Belhar.

Nuwe/ ander voorstelle?

Gesamentlike gebedsdae

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Die land moes alreeds baie prysgee.
Kerk is die laaste vesting.
Meerderheid kan lei tot verlies van kerk.
Verskillende mense met verskillende kulture kan ‘’n ander behoefte / vorm van bediening hê
Sinode besluite moet nie afdwingbaar wees nie.
Dit is ‘’n prioriteit dat eie besluitneming op gemeente en Ringsvlak moet plaasvind.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

Word aanvaar waar nodig, sonder dwang. Skakeling onder gemeentes bevorder groei en kan ook toon dat een gemeente nie sal werk nie. Gemeente moet outonomiteit behou. Gesamentlike dienste twee keer per jaar op sportveld. Samewerking slegs op Geestelike vlak. Taal, kultuur en wyse van aanbidding is ‘’n probleem. Wyke is ten gunste van samewerking, maar nie samesmelting.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

Kerkskeuring moet ten alle koste verhoed word.
Tradisies moet behoue bly.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Behalwe 1 en 2 moet ander punte weggelaat word.
Versoening moet geskied sonder om te forseer.

Nuwe/ ander voorstelle?

Taalprobleem
Kinders moet ook ingesluit word en van jongs af gewoond raak.
Verander sonder om te formeer.
Ondersoek ‘’n nuwe belydenis vir ‘’n Verenigde Kerk.
Sinodes moet nie besluite op gemeentes afdwing nie.

Almal is bekommerd dat Gemeentes lidmate na ander kerkverbande toe gaan verloor, nie soseer kerkhereniging nie as waar hulle taal, kultuur en gewoontes geakkommodeer word.

F. Moontlike naam van ’n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van ’n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:
NEDERDUIT GEREFORMEERDE KERK
.....
N.G. KERK VAN AFRIKA
.....

.....

ANDER INLIGTING
Kommissie se interpretasie na aanleiding van navrae wat gedoen is:

A. Taalprobleem:
Daar sal tolke moet wees.
Alles moet vertaal word. Dus neem vergaderings en byeenkomste baie langer. Dit word uitgerek. Om dit te oorbrug, word daar naderhand van Engels gebruik gemaak en dit skep ’n groter probleem.

B. VRAE:
Vrae is so opgestel dat daar moet saamgestem word en kwelpunte is omseil

C. GELOOFSEENHEID:
Is dit nie ’n geloofseenheid waarna in die Skrif verwys word? Na laasgenoemde word nog nie eens verwys nie.

D. Is dit nie maar weereens ’n politieke stelling nie?

E. Dit is asof mens tot die gevolgtrekking kom dat dit klaar op Sinodale vlak besluit is.

F. Dokumente is so saamgestel dat as jy nie saamstem nie, is jy eintlik nie ’n gelowige en tree jy onbybels op.

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055